# REDAKSIONEEL
# DIE ETIEK AGTER MEDE-OUTEURSKAP

Die publikasie van artikels van twee outeurs waarvan een as die mede-outeur funksioneer, is nie in die *Hervormde Teologiese Studies* 'n vreemde verskynsel nie. Daar word soms na só 'n mede-outeur verwys as die 'honorêre' skrywer van die artikel. Maar is mede-outeurskap eties geregverdig? In 'n uitgawe van die *CSD/SWO Bulletin* (Augustus 1992, bladsy 19), uitgegee deur die Sentrum van Wetenskapsontwikkeling, word daar op hierdie vraagstuk ingegaan. Die titel van die artikel is: 'Co-Authorship: Where does SA stand?'. Die etiese probleem met mede-outeurskap, waarna hierdie artikel verwys, is dat die 'honorêre' skrywer onregmatig bevoordeel word. In die akademie word uitnemendheid beoordeel aan onder andere die aantal kwaliteit publikasies wat akademici in geakkrediteerde vaktydskrifte laat publiseer het. Jong navorsers, aan die ander kant, staan dikwels in die skaduwee van die 'honorêre' skrywer, terwyl hy/sy gewoonlik al die, of ten minste die basiese, navorsingswerk gedoen het en dan nie uitdruklik die erkenning daarvoor ontvang nie. Hierdie beswaar is ernstig, maar dit moet nie daartoe lei dat 'n akademiese departement of instelling, en by name die studieleier, wat navorsing geïnisieer en begelei het, sy/haar regmatige erkenning verbeur nie.

Dit is so dat navorsing in die publikasie van die bevindinge daarvan behoort uit te mond. Universiteite en ander sentrums van navorsing is tereg daarop gesteld dat navorsingsresultate by wyse van publikasie bekend gemaak moet word. Sodoende word die resultate daarvan aan die kontrole van ander vakkenners onderwerp, maar terselfdertyd word dit beskikbaar gestel as bron vir verdere navorsing. In Suid-Afrika is die skep van die nodige befondsing om navorsing uit te voer, buitendien in 'n groot mate afhanklik van subsidies wat universiteite verdien na aanleiding van publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte. Hierdie stelsel noodsaak dat 'n personeellid van 'n akademiese departement op een of ander wyse as die 'mede-outeur' van navorsingsartikels erkenning moet kry. Een van die aspekte van die navorsingmissiestelling van die Universiteit van Pretoria is dat elke nagraadse student ten minste een publiseerbare manuskrip uit sy/haar verhandeling of proefskrif sal voorberei. Die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria gee op die volgende wyse uitvoering aan hierdie missiestelling: studente wat voldoen aan die vereistes vir die DD/PhD-grade, moet 'n artikel op grond van die goedgekeurde proefskrif voorberei en vir publikasie in 'n geakkrediteerde tydskrif voorlê; studente wat wil voldoen aan die vereistes vir die MDiv-graad, berei 'n skripsie in artikelformaat voor en dit word voorgelê vir oorweging om in 'n geakkrediteerde tydskrif gepubliseer te word; studente wat wil voldoen aan die vereistes van die BD-graad, berei 'n skripsie in artikelformaat voor en, indien die skripsie na eksterne eksamine-

ring 'n onderskeidingspunt verdien, word dit voorgelê vir publikasie in 'n geakkrediteerde tydskrif. Die studieleier funksioneer telkens as mede-outeur. Natuurlik staan dit studente en studieleiers vry om navorsingsartikels vir publikasie voor te lê afgesien van die eksamineringspunt. Indien hierdie navorsingsartikels by die *Hervormde Teologiese Studies* vir publikasie ingedien word, geld dieselfde streng keuringsprosedure waarop die redaksie reeds besluit het.

Die gemelde artikel in *CSD/SWO Bulletin* maak melding van drie kriteria vir mede-outeurskap wat die Noord-Amerikaanse akademici, Barry Werner en Mary Beth Nierengarten voorgestel het. Die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* word graag deur hierdie kriteria gelei. 'n Vierde kriterium word bygevoeg en word vervolgens eerste gestel:

* Indien 'n artikel voortspruit uit 'n proefskrif, verhandeling of skripsie moet die volgende formule (aangepas volgens omstandighede) as voetnota op die titelbladsy van die artikel opgeneem word: 'Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die BD/MDiv/PhD/DD-graad (1991), Departement ..., Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, onder leiding van ....' Die studieleier word as die tweede outeur vermeld en nie as die eerste nie.

* Die mede-outeur dra daadwerklik op 'n betekenisvolle wyse by tot die *werk* verbonde aan die navorsingsprojek wat tot die publikasie van die artikel aanleiding gegee het.

* Die mede-outeur neem deel aan die *opstel en skryf* van die artikel deur selfstandig vir dele daarvan verantwoordelik te wees of om op alle vlakke van die skryf van die artikel betrokke te wees deur dit in volledigheid deur te gaan en daarop kommentaar te lewer.

* Die mede-outeur neem saam met die primêre outeur volledig *mede-verantwoordelikheid* vir die tema en gevolgtrekking wat die artikel wil kommunikeer asook vir die leemtes wat in die artikel met betrekking tot argumentvoering, taalgebruik en bronne-ontginning kan bestaan.

In die keuringsprosedure sal die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* in die toekoms van die skrywers van artikels met meer as een outeur verwag om 'n verklaring te onderteken dat daar aan bogenoemde kriteria voldoen is.

**Prof Andries van Aarde**
**Redakteur**